Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Geestelike Mishandeling

(Deel 1)

'n Gewaarwording.

Kan jy getuig dat jy as getroue lidmaat van die gemeente geleidelik begin bewus raak het van 'n "ontevredenheid" in jou binneste, asook van 'n geestelike honger. Hierdie gewaarwording was veral tydens dienste (byeenkomste) en het veroorsaak dat jy naderhand voel soos 'n seer duim wat uitstaan. 'n Verdere gevolg was dat jy met 'n skuldgevoel onder selfoordeel begin leef het, want jou medegelowiges was klaarblyklik gelukkig en tevrede. Jy het besef dat die lidmate van die gemeente nie verander het nie en daarom het jy naderhand geglo dat die probleem by jouself lê. Daarom het jy alle pogings aangewend om jou gesindheid te verander, maar dit was egter alles pure verniet, want die gewaarwording van ontevredenheid en die geestelike honger het bly toeneem.

Iewers langs jou geloofspad het jy jou ywer en vreugde verloor. Hoekom? Die moontlikheid dat dit die Gees van Vader-God is wat in jou hart werk, het ook al deur jou gedagtes gegaan. Jy het egter getwyfel, want jy was klaarblyklik die enigste wat so gevoel het. Maar was jy....??

Indien jy met bogenoemde kan identifiseer, is hierdie skrywe beslis vir jou, want die oorsaak is waarskynlik geestelike mishandeling.

Wat is Geestelike Mishandeling?

Talle gelowiges in Yeshua, dié Gesalfde Een, is slagoffers van geestelike mishandeling (*spiritual abuse*), of soos dit ook genoem word: geestelike manupilasie, outoritêre dominansie, geestelike teistering, psigologiese slawerny, geestelike aanranding en selfs geestelike verkragting. Gelowiges met ywer, en wat 'n ernstige verlange en soeke na die waarheid het, is meestal die slagoffers hiervan. Hierdie mense stel hulleself bloot om, weens hulle naïwiteit en onkunde, geestelik mishandel te word. Hulle stel hulle vertroue in mense na wie hulle opsien as geestelike leiers en word dan mislei en uiteindelik teleurgestel. Aanvanklik besef hulle nie dat hulle geestelik mishandel en uitgebuit word nie en ontdek dit eers wanneer die skade reeds aangerig is.

Ander bots met die leier of leierskap omrede hulle kennis van die Woord van God deur eie soeke sodanig gegroei het dat hulle sekere standpunte en geloofsaspekte van die gemeente (bediening) wat hulle ondersteun of waar hulle lidmate is, of die groep waaraan hulle behoort, bevraagteken. Dikwels lei hierdie konfrontasie tot die bedanking van die lidmaat of dat hy of sy deur die leier of die leierskap uitgewerp word.

Sulke gelowiges is dikwels geestelik verwond en hulle dra die emosionele letsels van hulle ondervinding. Die simptome van post-traumatiese stres-sindroom en die simptome van diegene wat geestelik aangerand is, toon 'n merkwaardige ooreenkoms met dié van verkragtingslagoffers en oorlogsveterane (die sogenaamde *Vietnam*-sindroom).

Daar is verskillende vlakke van geestelike teistering. Meesal is dit baie subtiel en besef die oningeligde gelowige nie eens dat hy of sy ‘n slagoffer daarvan is nie!! Dit wissel van subtiele geestelike beheer wat oor die gemeente (groep) uitgeoefen word tot geestelike manipulasie en intimidasie en selfs gevalle wat as geestelike verkragting beskou kan word. Hierdie geestelike teistering vind nie net by kultusgroepe plaas nie, maar is ook die praktyk in sekere bekende hoofstroom- en tradisionele denominasies, asook kleiner groepe. Dit is veral Pinkstergroepe wat hieraan skuldig is.

Die term *geestelike mishandeling* het gedurende die laat twintigste eeu in gebruik gekom toe die aantal mense wat traumatiese geestelike ervarings binne die kerk gehad het, sodanig toegeneem het dat dit as ‘n ernstige probleem aandag vereis het. Geestelike mishandeling word gebruik om te verwys na die misbruik van gesag en mag deur geestelike leiers.

Kenmerke van Geestelike mishandeling

Volgens Dr. R. Enroth (*Churches That Abuse* – Zondervan, 1992. ISBN 0-310-53290-6), asook ander kenners het geestelike mishandeling verskeie fasette, ondermeer die volgende:

1. **Misbruik van Mag en Gesag:** Dit is die misbruik en verwringing van geestelike gesag en -mag deur leiers. Dit is wanneer leiers en die leierskap hulle outoriteit gebruik sonder die bereidwilligheid om openlike rentmeesterskap van hulle geloofsiening en dade te gee of toe te laat dat dit openlik bespreek of bevraagteken word. Die lidmate ondergaan dikwels ook ‘n gedragsverandering van algemene respek vir die leier tot een van algehele onderwerping aan die leier en leierskap deur hul reg tot meningsverskil prys te gee.

2. **Manupilasie en Beheer:** Kenmerkend van mense en groepe wat geestelik mishandel word, is ‘n sosiale dinamika waar vrees, skuldgevoelens en dreigemente gebruik word om gehoorsaamheid, groepseenvormigheid en lojaliteit aan die leierskap te verseker. Die Skriftuurlike konsep van leier-dissipel verhouding ontwikkel tot ‘n hiërargie waar die leier se besluite die groep se reg en vryheid tot besluitneming beheer ten opsigte van geestelike aspekte, soos Skrifverklarings, en selfs ten opsigte van aangeleenthede soos kleredrag, beroep, sakegeleenthede, huweliksmaat, ens.

3. **Elitisme en Vervolging:** Nog ‘n kenmerk van mense en groepe wat geestelik mishandel word, is hulle beskouing van hulself as uniek, naamlik as die *elite, die uitverkorenes of die ingeligdes*. Hierdie word veral kenmerkend van die leier wat dikwels as die een met die salwing gesien word. Selfopgelegde titels en ampte van veral profeet of apostel is kenmerkend van leiers wat hulself as spesiale gesante van God beskou. Leiers van hierdie groepe het ‘n neiging om weg te breek van ‘n bepaalde denominasie en onafhanklik en deur beperkte kontak met ander te funksioneer. Hierdie onafhanklikheid vrywaar die leier grootliks van kritiek en teregwysing deur ander geestelike leiers. Die gevolg is dat selfondersoek en kritiek nie gedoen of binne die groep geduld word nie. Enige kritiek van buite word gesien as vervolging deur mense wat die uitbreiding van die *Koninkryk* teenstaan. Vervolging word as *normaal* voorgehou omrede die leier en die groep die *sogenaamde waarheid* verkondig.

4. **Lewenstyl en Ondervinding:** ‘n Verdere kenmerk van mense en groepe wat geestelike mishandel word, is hulle doktrinêre gedrag en geloof ten opsigte van die onvoorwaardelike eenvormigheid van die groep se ideale en sosiale standaarde soos deur die leier uitgestippel word. ‘n Bepaalde gedragskode en siening oor sekere Skrifte ontwikkel, want almal deel soortgelyke geestelike ondervindinge wat die samehorigheidsgevoel versterk. Groot klem word veral op die ontwikkeling en die instandhouding van hierdie eenheid en samehorigheidsgevoel gelê deur gereelde groepsaktiwiteite te organiseer en deur subtiele manupilasie om deel daaraan te hê.

5. **Meningsverskille en Dissipline:** Laastens word enige meningsverskille met die leier en leierskap onderdruk en gedissiplineer. Hierdie dissipline kan in die vorm van emosionele en fisiese vernedering wees, ontneming van sekere voorregte, dreigemente van uitwerping uit en isolasie van die groep, fisieke geweld, ensovoorts. Die *beskerming* van groepslede teen enige ander sieninge en Skrifinterpretasies geniet hoë prioriteit en is ‘n manier om enige meningsverskille te onderdruk. Die leerstellings van die leier word nie net by gesamentlike byeenkomste van die gemeente verkondig nie, maar ook binne die kleiner groepe (selgroepe) aan die hand van riglyne soos deur die leier aan die selleiers gegee word.

Dit is dikwels baie moeilik om die bewys vir geestelike mishandeling te vind. Die rede is dat die lyn tussen noodsaaklike orde en dissipline binne die groep en geestelike mishandeling nie altyd duidelik sigbaar is nie. Dikwels besef slagoffers ook nie dat hulle mishandel (misbruik) word nie weens groepsdruk of weens manupilasie van skuldgevoelens onder die dekmantel van gehoorsaamheid aan God die Vader.

Geestelike mishandeling kan so subtiel wees dat dit eerder as onbewustelike geestelike uitbuiting beskou kan word. So byvoorbeeld is mense bereid om te *betaal* by wyse van hulle tiendes en offerhandes vir die *voorreg* om as *vennoot* (*partner*) van ‘n bepaalde bediening te wees, hoewel hulle geen werklike inspraak het in hoe hulle bydraes spandeer word nie, asook nie toegang tot finansiële state nie. Hulle word *vennote* sonder enige inspraak, maar met die belofte dat hulle onder die *geestelike beskerming* (nie Skriftuurlik

nie!) van die bediening staan en dat hulle oorvloedig geseën sal word vir hulle liefdesoffers.

Talle bedieninge (gemeentes, *ministries*) is niks anders as 'n sakeondernemimg waar die *werknemers* (lidmate) nie net bereid is om verniet te werk nie, maar selfs *betaal* (tiendes, offerandes) om in *diens* van die *onderneming* te wees op grond van die belofte van geestelike beskerming (*spiritual covering*) en oorvloedige seën omrede hulle in *vrugbare grond* saai.

In kerke (bedieninge; groepe) waar geestelike mishandeling plaasvind sal 'n sterk selfgeldende leier sentraal staan – een wat 'n geestelik outokratiese bestuurstyl (hiper-outoritarisme) toepas. Dikwels bestaan die leierskap ook uit familie en vriende van die leier. Die bediening (kerk of groep) word dan 'n *familie onderneming* wat op besigheidsbeginsels bedryf word. Dit opsigself is nie verkeerd nie, maar daar moet onderskei word tussen die werking van die Afgesonderde (Heilige) Gees en besigheidsvernuf, veral wanneer die leier in weelde leef.

In uiterste gevalle kan dit in 'n geestelike diktatorskap eindig waar selfs die aangestelde leiers die alleengesag van die leier aanvaar. Omrede alles tot 'n geestelike vlak verhef word, word die noodsaaklikheid van behoorlike dokumentasie van besluite, spanderings, veranderinge, ensovoorts dikwels oorboord gegooi en ontbreek gedokumenteerde bewyse. Die gemeente word van enige insae in die handelinge van die leier en leierskap ontneem. Goeie rentmeesterskap ontbreek gewoonlik. Toegang tot die boekhouding, salarisse en balansstate word gewoonlik verbied of sonder detail inligting bekend gemaak.

Hierdie geestelike outokratiese bestuurstyl laat nie ruimte vir iemand binne die groep om verduideliking te vra of insae te wil verkry vir sekere besluite of optrede van die leier of leierskap nie. Sulke optrede van groepslede word gewoonlik as rebellie en weiering van onderdanigheid aan gesag beskou.

'n Verdere vorm van geestelike mishandeling is wanneer 'n ander interpretasie van sekere Skrifte nie deur die leier geduld word nie en ook weiering om dit enigsins te bespreek. Sodoende verhef die leier hom tot die status van die een wat meer weet as enige iemand anders in die groep. Dikwels word die preekstoel 'n *lafaard se kasteel* waarin die leier skuil sodat niemand teenspraak kan lewer nie.

Sogenaamde *nuwe openbaringe* kan ook ingespan word om volgelinge se lojaliteit te verseker. Openbaringe wat die leier deur sogenaamde een tot een kontak met die Godheid of engele ontvang het, vorm dikwels die basis van hierdie leerstellings. Die indruk word gelaat dat die leier iemand spesiaal is aan wie *nuwe* geheimenisse, wat tot nou vir ander verborge was, openbaar gemaak word. Daarom word die leier as geestelik verhewe bo die res van die groep gesien – een wat spesiaal vir 'n sekere taak deur יהוה self aangestel is. Die geloofwaardigheid van die leier word in die lig van hierdie bonatuurlike besoeke en openbaringe nie maklik betwyfel nie.

Geestelike mishandeling word veral sigbaar wanneer gelowiges ‘n bepaalde groep of denominasie verlaat. Dit gaan gewoonlik vooraf gepaard met geestelike intimidasie en manupilasie deur die leier en die groep en dan volg verwerping en isolasie. Hierdie verwerping is dikwels deur eie familie, asook deur vriende in die groep. Die emosionele skade wat sommige as gevolg hiervan opdoen is dikwels blywend en die oorsaak van emosionele probleme, versteurde verhoudings, gebroke huwelike en dat sommige hulle geloofslewe verruil en terugkeer om wêreldse belange na te volg.

Bemagtiging

Gelowiges in Yeshua moet ingelig wees aangaande geestelike mishandeling. Dit is ook nodig dat gelowiges hulle vrees om geestelike dinge te beoordeel afskud. Alles moet aan die hand van die Skrifte getoets word. As gelowige in dié Gesalfde Een het jy die volle reg om standpunt in te neem en jou mening oor geestelike sake te gee. Indien die denominasie of groep waar jy aanbid, of aan behoort, hierdie vryheid van jou onderdruk, behoort jy jouself te vra of jy nie dalk geestelik mishandel word nie? Indien die leier en die leierskap geestelike outokrate of diktators is, behoort dit as ‘n rooilig vir jou te dien. Vra jouself: Dien jy God die Vader of dien jy die leier[1] en die groep? Wees waaksaam! Bemagtig en bewapen jouself vir die stryd!! Wees ingelig oor geestelike mishandeling!!

Aangeheg is ‘n insiggewende artikel oor geestelike mishandeling waarin die reg tot, en die noodsaaklikheid van *selfverdediging*, naamlik geestelike onderskeiding deur gelowiges, bespreek word.

Prepared for the Slaughter: The Disarming Of The Church (1998)
by John Green
www.deceptioninthechurch.com/SLAUGHTER.htm

> *“Before a standing army can rule, the people must be disarmed; as they are in almost every kingdom in Europe. The supreme power in America cannot enforce unjust laws by the sword; because the whole body of the people are armed…”* – Noah Webster of Pennsylvania An Examination of The Leading Principles of the Federal Constitution, Philadelphia, 1787.
>
> *“When the resolution of enslaving America was formed in Great Britain, the British Parliament was advised by an artful man, who was governor of Pennsylvania, to disarm the people; that it was the best and most effectual way to enslave them; but that they should not do it openly, but weaken them, and let them sink gradually.” —* George Mason of Virginia: Virginia’s U.S. Constitution ratification convention, 1788
>
> As history has shown, it is a common tactic for the oppressing force to gain control of a nation by seizing the means by which individuals might defend themselves. Once the citizenry are disarmed, it is a relatively easy matter to exert complete tyrannical control. It seems to me that the same principal holds true in the spiritual realm.

[1] Die artikel “Menseverering” deur Hein Zentgraf word aanbeveel en is beskikbaar by: Menseverering

The New Testament is replete with warnings of false teachers and teachings, of lying signs and wonders, and of corrupt men who would seek to draw followers after themselves. God has not left His people defenseless. He has indwelt us with His Spirit of Truth, provided us with the example of Christ, His teachings, the teachings of the apostles, and all the other writings found in the Bible. There is a gift of the discerning of spirits given to some, but more importantly, there the ability to test all things and to be discerning, which is the responsibility of all believers. If the believer is to be armed against the deceptions of the enemy, and to remain free from his oppressive regime, then he must exercise discernment with continual vigilance. If this defensive weapon is seized and taken from you, then you are easy prey for any who would desire to take you captive.

Because of these things, it is very disturbing to me to observe a trend in the Body of Christ today. This trend is to scorn and belittle those who would exercise their God-given self-defense weapon of discernment. Those who would obey scripture and "test all things" are mocked and ridiculed and labeled 'Pharisees.' It seems that the Church has fallen prey to the pluralistic, non-judgmental mindset of our present age. The one *unpardonable sin* is to question someone's belief, or dare to say that it might be wrong. These new leaders demand you climb on the bandwagon, and if you cannot agree, then you must remain silent at all costs. They call for us to experience now, and evaluate later. Adam and Eve had no experiential knowledge of good and evil. The Serpent called their attention to the attractiveness and desirability of the fruit, and enticed them to experience for themselves. In their later evaluation, they knew that they had been wrong to ignore what God had said on the matter, but by then the damage had been done.

Those who would remove the defensive weapon of discernment are binding the hands of the Church. They are preparing God's people for the slaughter. Why are they doing this? Why would they want to expose millions to the myriad deceptions of the enemy with no protection. Why do they take away what the Father has given? The Church is becoming a slaughterhouse slick with the spilled blood of saints who have been seduced by false teachers. The faithful plod forward to the killing floor, their trusting eyes fixed on their leaders. Error and deception runs rampant. Charlatans rule the bestseller list. Pseudo-knowledge is dispersed around the world, speeding through electrical synapses. Make no mistake. It is a battle, and much is at stake.

Let us examine the logic (or lack of it) behind what some of these leaders are saying:

"You have to experience it yourself before you judge it." This is pure nonsense. It is the method the Mormons use to get people hooked in (pray about the Book of Mormon and see if you get a 'burning in your bosom'). You don't have to experience suicide to know that it is bad for you. Christians are never commanded to authenticate a questionable spiritual experience by submitting themselves to it.

"If you don't jump in the River, then you may miss out on the move of God." If you don't exercise your duty to test everything and hold on to what is good, then you

may be deceived. God is not in a hurry. If you are walking with Him, seeking to please Him, then He will guide you into all He desires for you. Just because someone proclaims something is a move of God, doesn't make it so. Beware of the salesman who pushes you to make a decision on the spot. He may have something to hide.

"God offends the mind to reveal the heart." I don't know what this is, but it is not Scripture. It is true that God's ways may be offensive to human wisdom. Often though, this quote is used to say that if you are offended by something going on in the Church, then your heart isn't right. The real issue is, are you offended because what is going on is unscriptural? If so, then stand fast.

"Don't oppose what is going on, in case it turns out to be a move of God." This is the argument used by Gamaliel in Acts chapter 5. Although this argument worked in favor of the apostles, it must be pointed out that Gamaliel was a Pharisee making a pragmatic argument. His was not a directive from the Lord on how believers should conduct their discernment. If something is not from God, ultimately, it is true that it will not succeed. In the time that it takes for a false movement to run its course however, many lives will be damaged, and many souls deceived and damned. Look at the phenomenal growth and apparent success of Mormonism. Christians rightly oppose Mormonism on a basis that it twists and deviates from Scripture. Things which occur within Christianity should receive no less scrutiny. Or consider the works of Satan. We know that he will not succeed, but we certainly do not sit back and allow him to do his work unhindered. When souls are at stake, we cannot afford to sit back and do nothing.

"Don't you want more of God in your life?" This is a sneaky one. Of course, any sincere Christian realizes that they need to grow closer to God, and they desire to do so. This should not lead us to embrace everything that comes down the pike however. Part of growing closer to God includes obeying His commands to test and be discerning. The desperation of some Christians reminds me of King Saul turning to the witch of Endor. He wanted an answer at any price. The price he ended up paying was his own destruction.

Look for yourself. See how many times the New Testament references false teachers, false teaching. Using your concordance, look up the commands to discern and test, to not be deceived. Shake off the chains of those who would seek to bind you. Exercise your "Right to bear arms" as a believer.

The healthy soul, like the healthy blood system, has it's proper proportion of white and red blood cells. The red corpuscles are like faith: they carry the life giving oxygen to every part of the body. The white cells are like discernment: they pounce upon dead and toxic matter and carry it out to the drain. In the healthy heart there must be provision for keeping dead and poisonous matter out of the life stream. A.W. Tozer

(Einde van artikel)

Ten Slotte

Laat ons nooit die woorde van Paulus aan Timotheus in 2Tim. 2:15 vergeet nie: *Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig.* (PWL[2]).

Onthou: Dit is jou en my taak om self die waarheid te soek en dit te bevestig. Die waarheid is in die Skrifte opgeteken.

> **16** Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid
> **17** sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2Tim.3:16-17 (PWL).

Dit is die waarheid wat ons vrymaak (Joh. 8:32). Die waarheid wat vrymaak bring egter verantwoordelikheid wat aanvaar moet word en waarvolgens geleef moet word (Joh. 1:14; Joh. 14:6, 16-17). Die Waarheid maak ons vry om die wil van die Vader te doen en nie meer ons eie wil of die wil van mense nie.

Bepeins die volgende: Ons moet dit glo wat die waarheid is; dit moet nie vir ons die waarheid word omdat ons dit glo nie!! Indien dit wat ons glo vir ons die waarheid geword het, is ons mislei. 'n Moslem is byvoorbeeld mislei omrede dit wat hy glo vir hom die waarheid geword het en daarom glo hy 'n leuen en nie die waarheid nie.

Word jy geestelik mishandel??
Wat glo jy???

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom,
Johan.

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

GB7.Jul11 (Hersien)

[2] PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch). Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.